


# Hier is die April-finaliste



**Barry Horn van Witpoortjie is op 18 Maart 2021 gebore.**



**Beunique Kleynhans van Pretoria is op 1 April 2021 gebore.**



**Dandré Coetzee van Polokwane is op 22 April 2021 gebore.**



**Hendrie Wolmarans van Bronkhorstspruit is op 27 Mei 2021 gebore.**



**Leméh Greeff van Modimolle is op 1 November 2021 gebore.**



**Miane Byleveldt van Carletonville is op 14 Maart 2021 gebore.**



**Sebastian Olivier van Brackenfell is op 11 Maart 2021 gebore.**

**Karla Janse van Vuuren**

Vandag verskyn die skattige finaliste in die April-groep in *Beeld* se Baba van die Jaar-kompetisie.

Stemme vir die April-groep sluit op 2 Maart om 12:00.

Die volgende spertyd vir inskrywings is 25 Februarie.

Die kompetisie duur tot 28 Maart vanjaar en daar sal elke maand 'n groep oulike gesiggies wees waaruit lesers hul gunsteling kan kies.

Oudergewoonte is daar heerlike pryse van duisende rande op die spel vir die baba in die eerste, die tweede en die derde plek, asook elke maandwenner in die kompetisie.

Die wenbaba, die baba in die tweede plek en die baba in die derde plek wen vier maande se swemlesse van R4 000 in die Kiddies Aqua Swimming Academy se selfreddingsprogram vir waterveiligheid (wat 'n swempak en -pet insluit).

Ná voltooiing van die program ontvang dié drie babas ook agt maande se gratis swemlesse in die leer-om-te-swem-program van R6 000.

Indien die wenners nie in staat is om die prys by een van hul takke te gebruik nie, ontvang hy of sy 'n koopbewys van die Kiddies Aqua Swimming Academy se keuse van R3 000.

Die ander pryse waarmee die wenbaba gaan wegkruip, is 'n kontantprys van R5 000 geborg deur *Beeld*, 'n R1 000-geskenkpak van Bennetts, 'n R500-geskenkbewys van 4aKid, 'n Sealy-enkelbed van R6 000 én vyf nagte se verblyf in 'n selfsorgeenheid met 'n see-uitsig en slaapplek vir vyf mense by die TO Strand Beach Resort in Port Edward, KwaZulu-Natal, van R4 700.

Die wenner ontvang ook 'n gasverskyning deur Ollie die Singende Nar van R5 000 by sy of haar dagsorgsentrum of kleuterskool met 20 partytjiepakkies ingesluit. (Besprekings moet gedoen word volgens Ollie die Singende Nar se beskikbaarheid. R5 per kilometer buite Pretoria is betaalbaar deur die wenbaba se ouers).

Die naaswenner van die Baba van die Jaar-kompetisie ontvang 'n R2 500-kontantprys geborg deur *Beeld*, 'n R1 000-geskenkpak van Bennetts, 'n R500-geskenkbewys van 4aKid en 'n Sealy-enkelbed van R5 000.

| Groep | Inskrywings: spertye | Foto's van finaliste in *Beeld* | Stemme: spertye | Maand-wenner aangekondig in *Beeld* |
|---|---|---|---|---|
| April-groep | 4 Feb | 9 Feb | 2 Mrt | 7 Mrt |
| Mei-groep | 25 Feb | 2 Mrt | 23 Mrt | 28 Mrt |

Die baba in die derde plek ontvang 'n kontantprys van R1 000 geborg deur *Beeld*, 'n R1 000-geskenkpak van Bennetts, 'n R500-geskenkbewys van 4aKid en 'n Sealy-enkelbed van R4 000.

Elke maandwenner kry 'n R1 000-geskenkpak van Bennetts, 'n R500-geskenkbewys van 4aKid, 'n gasverskyning van Ollie die Singende Nar by die baba se verjaardagpartytjie van R1 600 en een maand se swemlesse van R1 000 by die Kiddies Aqua Swimming Academy in sy selfreddingsprogram vir waterveiligheid.

Skryf vandag nog jou kleinding in om in aanmerking te kom vir die heerlike pryse.

Kyk op *Beeld* se Facebookblad vir die volledige bepalings, voorwaardes en meer inligting oor die kompetisie en die borge.

Jy kan kies vir watter maand jy jou baba wil inskryf – solank die baba nog nie sy of haar eerste verjaardag gevier het voor of op die sluitingsdatum vir die betrokke maand waarvoor julle inskryf nie.

Elke baba mag net een keer ingeskryf word.

Babas wie se foto nie geplaas is in die maand waarvoor hulle ingeskryf is nie en teen die volgende maand se sluitingsdatum nog jonger as 12 maande is, se inskrywing kom outomaties weer in aanmerking vir die volgende groep.

**Skryf jou kleinding vandag nog in**

■ Verstrek die volgende inligting in 'n Word-dokument:
a) Die baba se noemnaam (nie bynaam of volle name nie);
b) Die baba se geboortedatum;
c) Die geslag van die baba;
d) Die naam en van van die baba se ouers;
e) Indien die baba se ouers se vanne verskil, verskaf asseblief die baba se van;
f) Woonadres;
g) Ouers se e-posadresse; en
h) Ouers se selfoonnommers.

■ Antwoord die volgende vrae in dieselfde Word-dokument:
a) In watter hospitaal en hoe laat is die baba gebore?
b) Hoe het julle op jul kleinding se naam besluit?
c) Vertel iets interessants of spesiaals van die baba se geboorte of die geboortedag.
d) Die hoeveelste kind is die baba in die gesin? en
e) Wat is jul droom vir jul baba?

■ Heg 'n duidelike kleur- of swart- en-wit gesigfoto van die baba as 'n aparte dokument aan in die e-pos-inskrywing. Die foto moet in jpeg-formaat en 1 MB of groter wees. In die geval van 'n tweeling (of meer babas) moet steeds slegs een foto gestuur word waarop al die babas verskyn.

■ E-pos die inskrywing na babas@beeld.com. Tik die naam en van van die baba, asook die blok waarvoor julle inskryf, in die onderwerplyn.
Voorbeeld: Piet Pompies Junie.

**Stem vir jou gunstelingpienkvoet**

Wanneer 'n baba se foto in die koerant verskyn, kan lesers vir hul gunstelingstem.

■ **PROSES 1 (elke SMS tel een punt)**
SMS BABA, jou gunstelingbaba se naam en van, jou naam en van, waar jy woon en e-posadres na 35986.

Die SMS-lyn sluit om 12:00 op die sperdag. Elke SMS kos R1,50 en gratis SMS'e geld nie.

Foutiewe SMS'e sal verreken word.

SMS-voorbeeld: BABA, Dian Zietsman, Tanya Kleynhans, Auckland Park, tanya.kleynhans@media24.com.

Deelnemers aan die kompetisie deur middel van stemproses 1 verleen met die gebruik van die SMS-stemme toestemming aan *Beeld* en sy borge om by geleentheid hul produkte en/of dienste aan hulle te bemark.

■ **PROSES 2 (elke stem tel vyf punte)**
Ekstra koerantstemme vir 'n baba kan op die dag van publisering by Tanya Kleynhans (tanya.kleynhans@media24.com) gekoop word. *Beeld* sal die koerante aan 'n organisasie van sy keuse skenk.

■ **PROSES 3 (elke stem tel vyf punte)**
Stuur die oorspronklike, voltooide stemstrokie wat in *Beeld* gepubliseer word, na: Baba van die Jaar, Bemarking, 2de Vloer, 272 Pretorialaan, Ferndale, Randburg, 2194. Dit kan per hand of per koerier afgelewer word.

Dit bly die persoon wat stem se verantwoordelikheid om stemme betyds in te dien en *Beeld* aanvaar geen verantwoordelikheid vir laat stemme nie. Laat stemme sal nie in aanmerking kom vir die kompetisie nie.

Dieselfde prosedure geld ouers wat buite *Beeld* se verspreidingsgebied woon en wil deelneem.

Jy kan soveel keer stem as wat jy wil. Die baba met die meeste punte vir die maand sal as die wenner aangewys word.

## Skuif van kot na 'groot' bed met Sealy Singles

Een van die grootste mylpale in jou kind se eerste paar jaar is die oorskuif van bababedjie na "groot" bed. Die tydsberekening van dié skuif hang af van jou kind se fisieke vermoë en emosionele gereedheid. Dit is baie belangrik om te belê in 'n bed wat jou kind se groeiende liggaam sal ondersteun.

Kinders ontwikkel elk teen hul eie pas, so moenie bekommer om die skuif teen 'n spesifieke ouderdom te maak nie. Maar, as 'n algemene riglyn, is kinders gereed om na 'n groot bed te skuif tussen 18 maande en drie jaar oud.

Dit kan selfs tussen sibbe verskil, so moenie verras wees as jou tweede kind vroeër (of later) as jou eersteling gereed is om die skuif te maak nie.

**Hier is 'n paar tekens wat dalk kan aandui dat dit tyd is om te belê in 'n Sealy Singles-bed:**

■ Uitklim: As jou peuter uit sy kot kan klim, is dit tyd om die skuif te maak. Hy kan baie seerkry as hy sou uitval, so dit sal veiliger wees in 'n laer, enkelbed;

■ Groeiende kind: Jou kind mag te groot word vir sy kot. Sodra hy groot genoeg is dat hy nie meer gemaklik in die kot kan lê nie, is 'n bed 'n beter opsie;

■ Toilet-gereed: As jy jou kind leer om die toilet te gebruik en hy nie meer saans doeke dra nie, is dit belangrik dat hy weet hoe om snags in en uit die bed te klim sodat hy vryheid en beheer het oor die situasie.

Wanneer jou peuter gereed is vir die skuif, kies 'n Sealy Singles-bed met die korrekte ondersteuning vir sy groeiende lyfie. 'n Goeie nagrus is belangrik vir jou kind se ontwikkeling en 'n gemaklike matras kan 'n groot impak hê. 'n Sealy Singles-matras bied optimale ondersteuning vir jou kind se ruggraat.

Sealy se nuwe reeks matrasse gee kinders die rus wat hulle nodig het vir fisieke en verstandelike ontwikkeling. Sealy Singles word, net soos alle Sealy-matrasse, met hipoallergeen eienskappe gemaak vir 'n varser slaap-ervaring. Dit bestaan uit lae spons wat druk verminder en Sealy se eksklusiewe veersisteem. Die matrasse is beskikbaar in ferm, medium en *plush* gemakopsies.

**Hier is 'n paar wenke wat die skuif makliker kan maak:**

■ Hou by die bekende: Skuif ook jou kind se gunstelingspeelgoed en kombersies oor. Hou hul slaaptydroetine dieselfde en plaas die nuwe bed waar die kot altyd gestaan het.



**Die skuif van 'n kot na 'n "groot" bed is 'n groot mylpaal in jou kleinding se lewe.** Foto: SEALY

■ Maak die kamer veilig: Jou peuter kan nou uit sy bed klim, so maak seker die omgewing is veilig. Beveilig elektriese proppe en as daar toue by die blindings of gordyne is, maak seker hy kan dit nie bykom nie. 'n Veiligheidsreling vir die bed is 'n goeie idee en sal voorkom dat jou kind van die bed af val.

■ Maak dit opwindend: Laat jou kind vooraf weet dit is tyd om hom te skuif na 'n nuwe bed, en laat dit soos 'n groot avontuur klink. Maak 'n bohaai oor die proses en 'n ophef wanneer hulle in die nuwe bed klim. Laat hulle selfs die bed en beddegoed self kies om hulle meer by die proses te betrek.

■ Wees geduldig: Jou kleuter sal dalk nie onmiddellik aanpas by die nuwe bed nie. Dit beteken dat hy miskien nie meer regdeur die nag sal slaap nie en jy sal dalk weer 'n paar slapelose nagte hê. Gee jou kleuter tyd om aan te pas in die nuwe omgewing en wees geduldig. As jy gefrustreerd is, sal jou kind waarskynlik ook gefrustreerd raak.

■ Vir meer inligting, besoek www.sealy.co.za.

## Jy kan dié naam vertrou

Bennetts Baba Produkte is al meer as 30 jaar op die mark en is 'n naam wat in Suid-Afrika se huishoudings vertrou word.

Hierdie stelling was bewys toe meer as 4 000 huishoudings in Suid-Afrika vir Bennetts Baby Bum Crème as Produk van die Jaar 2019 gestem het.




Ons is 'n eg Suid-Afrikaanse maatskappy en trots op die gehalte produkte wat ons aan ons kliënte bied. Al ons produkte ondergaan kliniese toetse en word aanbeveel deur dermatoloë, daarom kan ons gerus wees dat ons reeks net die beste vir jou gesin is.

Elke produk word met deernis beplan en vervaardig om die lewe vir ouers te vergemaklik. Ons reeks fokus daarop om oplossings vir alledaagse uitdagings te bied wanneer dit by die sorg van jou baba kom.

Ons reeks vir sensitiewe velletjies is ideaal vir daardie splinternuwe lyfies.

Ons is trots daarop om 'n familie-onderneming te wees.

Dit gee ons 'n voorsprong wanneer dit by ons kliëntediens kom, want elkeen van ons kliënte word met omgee behandel en ons kan persoonlik na hul behoeftes omsien.

Van die eienaars, Morris en David Bennett, tot by ons fabriekpersoneel wat die produkte vervaardig, word alles by Bennetts gedoen met julle, ons kliënte in gedagte. Daarom, van ons gesin na joune, is Bennetts babaprodukte 'n reeks wat jy kan vertrou!

Gaan loer gerus op ons webtuiste www.bennettsforbabies.co.za vir meer inligting oor ons hele reeks.